

Les 32

Johannes 14: 1 - 31

1. Inleiding

Ons weet op hierdie tydstip in die evangelie is dit Jesus wat afstuur op 'n pynlike dood. Tog is dit die dissipels wat ontsteld is in hulle hart volgens vers 1. Hulle ontsteltenis kom van vanweë die feit dat Jesus se skielike weggaan om die draai is. En daar is onsekerheid oor waarheen Christus dan gaan. Ons gaan in hierdie les vandag fokus op twee sake hier rondom. Ons gaan kyk na die kamers of die woonplek in die huis van die Vader. En ons gaan kyk na die Parakleet wat gestuur word wanneer Jesus weggaan. Uiteraard is dit duidelik dat hierdie teksgedeelte gewild is in preke by begrafnisse. Maar hoekom dan?

2. Kamers of woonplek.

Ons fokus lê op vers 2 waar Jesus vir Sy dissipels sê dat Hy na Vader gaan waar daar baie woonplek is, of dan nou kamers soos party vertalings dit stel. Vers 2 word dan ook duidelik aan vers 23 gekoppel deur middel van dieselfde woord wat gebruik word. Die vraag bly: waarvan presies praat Christus hier? Ons weet dat dit wat hier beskryf word, anderkant die aardse afstrewende lê. En daarom sal dit nie nou vir ons kristalhelder kan wees nie, en miskien juis daarom is daar 'n paar interpretasies deur die eeue gewees. Ons kyk daarna.

Die eerste verklaring, trek 'n sterk band met die tempel. Veral met die verloop en verandering van die tempel uit die Ou Testament na die nuwe. Iets waarin die verlossing in Christus sentraal staan. Die Engelse term "dwellings" staan sentraal hier. In Afrikaans vertaal ons dit met woonplek, wooneenheid of kamers. En vanuit die Ou Testament is woonplek van die Here die Tempel. Hierdie siening gee dan nou aanleiding na die volgende standpunte.

Uit die post-modernisme met sy sterk kritiese siening van die bonatuurlike kom die idee dat hierdie teksgedeelte na ons liggame verwys. Dit word gekoppel aan die bekende gedeeltes uit Korinthiërs, Efesiërs en Petrus wat die liggaam van die mens sien as die tempel van die Here. Hierdie siening hoe dan hierdie opstanding en opvaar van Jesus as 'n suiwer Geestelike transformasie binne die mens. Daar is geen sprake van die letterlike ontstaan en woonplek nie.

Die tweede siening behels die herbou van 'n aardse tempel. En die feit dat mense daar saam met die Here sal woon. Ons weet van verskeie pogings om die tempel in Jerusalem te herbou. Hieruit ook die siening dat kerk of gemeente soos ons hom vandag ken uiteindelik die tempel van die Here is. En dan my en jou lidmaatskap van die kerk die inwoning is waarna hier verwys word. Iets van Johannes 4 wat weer hier deurkom.

Die laaste interpretasie waarna ons kyk, verstaan dat Jesus praat van Sy hemelvaart na Sy opstanding. Dat Hy fisies weggaan na die Hemel, waar Sy Vader is, daar by die Vader gaan maak Hy dan woonplek vir ons. Die groot of baie kamers verwys na genoeg plek vir al die uitverkornes. Terwyl die afsonderlike kamer of wooneenheid verwys na die individuele aard van ons verlossing.

3. Die Parakleet

Daar is vier teksgedeeltes wat die woord Parakleet gebruik, al vier van hulle uit die Johannes evangelie. Twee van hulle kom voor in Johannes 14, dit is in vers 16 en vers 26. In sekulêre Grieks beteken paraklētōs hoofsaaklik 'regsassistent of advokaat dit wil sê iemand wat 'n ander in die hof help, hetsy as advokaat, getuie of verteenwoordiger.

Die vertaling met die woord 'Trooster' was nie sleg in antieke tye nie, toe die werkwoord 'om te vertrou' beteken om 'te versterk, te ondersteun, aan te moedig, te help' (uit Latynse confortare, 'om te versterk'). In vandag se ore klink 'Trooster' soos iemand wat maar bloot goeie dae by 'n

begraving verrig. Helper is ook nie slegte vertaling nie, maar dit het oortone van ondergeskiktheid of minderwaardigheid wat nie in Johannes 14 aanwesig is nie.

Laastens spesifiek tot vers 26 sien ons die volgende. Net soos Jesus in die naam van sy Vader gekom het, dit wil sê as die boodskapper van sy Vader, so kom die Gees in Jesus se naam. Met ander woorde is Hy ook die boodskapper van Jesus. Vandaar natuurlik die belydenis dat die Gees uit die Vader en die Seun uitgaan. Dit is die hele Filioque debat wat hierdie geraak word.

4. Skrifvergelykings

1. Johannes 4: 23
2. Johannes 15:26
3. Johannes 16:7
4. 1 Korinthiërs 3:16–17
5. Efesiërs 2:20–22;
6. Filippense 1:19
7. 1 Thessalonisense 4:15
8. 1 Petrus 2:5
9. Openbaring 22:1

5. Vrae

1. Verduidelik in u eie woorde wat Christus aan Sy dissipels geleer het in Johannes 14: 1 - 3?
2. Hoe sou u iemand antwoord wat sê alle gelowe eintlik God aanbid, en nie een eintlik beter is as 'n ander een nie?
3. Hoe beïnvloed my interpretasie van Johannes 14: 1 - 3 my geloofslewe en my gewone lewe?
4. Hoekom dink u is die geloofsbelydenis van Nicea is in die volgende getrou aan die skrif: "Ons glo in die Heilige Gees, wat Here is en lewend maak. Hy gaan van die Vader en die Seun uit, en Hy word saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik"?
5. Gee u eie definisie van die werk van die persoon van die Heilige Gees?

6. Bron

Carson, D. A. (1991). [*The Gospel according to John*](#) . Leicester, England; Grand Rapids, MI: Inter-Varsity Press; W.B. Eerdmans.